NGK George-Tuinedal

Inligtingsgids
Kalender 2021

VERSORG · TOEGERUS · GESTUUR

TUINEDAL

huisgesin van God

Eredienstye: **9:00**

Leraar: **Ds. Pieter van Santen**
076 591 8390 / pieterjvs@gmail.com

Hulpleraar **Ds. Cor Swart**
083 661 8420 / cor.swart1975@gmail.com

Kantoor/Skriba: **Me. Betsie Stols**
044 873 4383 / 061 470 3626 / admin@tuinedal.co.za

Koster: **Mnr. Koos van Tonder**
082 331 4750

Webtuiste: **www.tuinedal.co.za** vir algemene en nuwe lidmaat-inligting.

AS **HUISGESIN** VAN GOD WIL TUINEDAL 'N VEILIGE RUIMTE WEES WAAR GOED **VERSORGDE** EN **TOEGERUSTE** LIDMATE **GESTUUR** WORD NA 'N STUKKENDE WÊRELD..

...tot eer van God

huisgesin

Ons ken mekaar **beteken…**

- Jy is altyd welkom
- Almal is ingesluit
- Ons is lief vir mekaar
- Ons ken mekaar se lief en leed
- Ons liefde neem met begrip en fyn aanvoeling toe

Ef 2:19
"Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die
gelowiges en lede van die huisgesin van God."

versorg

Ons dra mekaar **beteken…**

- Ons ondersteun mekaar.
- Ons bid vir mekaar.
- Ons sien om na mekaar se fisiese, geestelike en emosionele behoeftes.
- Ons soek geleenthede waar ons mekaar kan dien.

Gal 5:6b
Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan.

toegerus

Ons leer mekaar **beteken…**

- Ons is betrokke by mekaar se geestelike groei
- Ons gebruik die Bybel as bron om God se wil te verstaan
- Ons woon getrou eredienste en ander toerustings-geleenthede by

Kol 3:16
Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing.

gestuur

Ons leef & doen **beteken…**

- Ons maak 'n verskil waar ons leef en werk
- Ons soek gedurig nuwe geleenthede om Jesus se hande en voete te wees
- Is God se ambassadeurs waar ook al ons gaan
- Is betrokke in ons gemeenskap

1Kor 3:9a
Ons is medewerkers in diens van God, en julle is die saailand van God.

Tuinedal Gemeente inligting:

Sakramente

- Die **doop** is belangrik vir 'n baba om formeel deel van die huisgesin van God te word. Voornemende doopouers moet asseblief ten minste 2 weke voor die beplande doopdatum by die skriba aanmeld om te registreer en 'n inligtingstuk te ontvang. Die inligtingstuk moet bestudeer word voordat die ouers 'n afspraak maak met die betrokke leraar vir die doopgesprek.
- Die **nagmaal** word gereeld deur die jaar, ook saam met spesiale kerklike feeste bedien. Verwys asseblief na die almanak om te bepaal wanneer die nagmaal bedien sal word.

Wyke

Ter wille van effektiewe versorging en toerusting word ons gemeente in 'n **stelsel van wyke** ingedeel. Lidmate het 'n keuse oor die frekwensie van besoeke deur die **wyksleier** asook die wyse waarop maandelikse bydraes gemaak word. Wyksleiers kontak lidmate minstens eenkeer per maand. Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

Bedieninge

Die gemeente se werksaamhede geskied volgens 'n stelsel van **bedieninge**. Hierdie bedieninge bestaan uit **bedieningsgroepe** wat weer uit 'n aantal **aksies** bestaan. Opdragte van die kerkraad word op grondvlak deur die aksies uitgevoer. Lidmate leef hulle gestuurdheid uit deur hulle unieke gawes aan te wend om huisgesin van God te wees.

Lidmaattoerusting

Lidmate word toegerus en bemagtig met verskeie toerustingsgeleenthede dwarsdeur die jaar. Voorbeelde hiervan is gesins- en huweliksverryking, leierskapseminare en ouerskapseminare. Daar is 'n Kategeseskool op Sondae vir Juniors (Gr R-6) net na kindertyd en Seniors (Gr 7-10) 45 minute na die erediens. Ten minste 2 keer per jaar, word 'n kleingroepreeks van 7 weke gehou. Hiertydens word die eredienste ingerig aan die hand van die teks wat deur die loop van die week in die kleingroepe verteer word.

Bevestiging van huwelike

Paartjies wat in die huwelik bevestig wil word moet verkieslik nie minder as 3 maande voor die tyd met die leraar skakel om afsprake te maak vir die voorbereidingsgesprekke. Kontak die kassier vroegtydig om die kerkgebou en/of saal te bespreek.

Pastorale versorging

Daar is verskeie maniere waarop versorging in die gemeente plaasvind:

- 'n Verskeidenheid van **kleingroepe** vorm die primêre ruimte waarbinne geloofsgroei plaasvind en onderlinge versorging gekoester word
- **Kerkraadslede en wyksleiers** is verantwoordelik vir versorging in wyksverband
- Die **erediens** op Sondae dien as plek van ontmoeting met die lewende Versorger
- Die **leraars** besoek deurlopend nuwe lidmate, doen pastorale besoeke by mense met spesifieke behoeftes, doen weekliks hospitaalbesoek, besoek lidmate wat dit aandui met die **besoekversoek** - vorms wat in die voorportaal van die kerk of op ons webtuiste te kry is en het 'n pastorale spreekkamer wat ingerig is by die pastorie.

Maandelikse bydrae

Daar is verskeie maniere om jou maandelikse bydrae te gee. Jy kan dit vir jou wykswerker gee wanneer hulle jou besoek. Jy kan 'n koevert by die kantoor kry en dit in die bordjie gooi na die erediens. Jy kan ook per EFT dit oorbetaal (Nedbank, tjekrekening: 114 289 5416, takkode: 198 765) met jou wyknommer en van as verwysing. Ons gebruik ook Snapscan. Jy kan ook met 'n kaart by die kantoor kom betaal.

Nedbank,
tjekrekening:
114 289 5416,
takkode: 198 765

Dank aan ons Borge

Ons is bevoorreg om mense te hê wat inkoop op ons droom en help waar hulle kan. Gebruik asseblief hulle dienste soos benodig.

- MaGru Electrical: Grumpy van Wyk 079 166 3754
- York Vulstasie: 044 874 4118
- Optima sekuriteit: 044 874 5823
- Jaco Pienaar loodgieter: 072 633 8672
- Loerie Bakkery: 044 873 3261
- King George Apteek: 044 873 2420

'n Nuwe fokus

Tuinedal se kerkraad het besluit om op 3 fokusareas klem te lê in 2021. Dit volg na 'n sinergie-proses van oordenking, gebed en baie praat met George-Suid gemeente. Die 3 fokusareas vir 2021 is: Groepbediening, Gesinsbediening en Kommunikasie & Bemarking.

1. Groepbediening:

Kleingroepe is die voertuig vir geloofsgemeenskap. Mense vind slegs 'n tuiste in 'n gemeente as hulle binne die konteks van enige vorm van kleingroep ken, omgee, groei en uitreik beleef. Kleingroepe kan insluit bybelstudiegroepe, dissipelskapgroepe, jeuggroepe, jong werkendes, mannegroepe, vrouegroepe, enkelouergroepe, seniorburgergroepe, gesinne, belangegroepe, ens. – solank die betrokke kleingroep die eienskappe van geloofsgemeenskap uitleef (m.a.w. dis nie gewone "social" groepe nie).

2. Gesinsbediening:

Gesinsbediening is 'n belegging in ons kinders en gesinne (en ook ons gemeentes) se toekoms. Baie sterker fokus word benodig. Kinders moet deel wees van 'n geloofsgemeenskap. Ouers en grootouers moet betrek word sodat die hele familie bereik word.

3. Kommunikasie en Bemarking:

Die gemeentes en ons bedieninge (wat ons doen) moet baie meer effektief bemark word. Ons kommunikasie en bemarking moet geïntegreer word met ons bedieningspraktyk (gemeentelede en die gemeenskap moet bewus wees van aktiwiteite wat beplan word, maar ook wat is die uitkoms van aktiwiteite – die storie moet vertel word na afloop van 'n suksesvolle aksie). Die gemeentes se voetspoor in die gemeenskap moet sigbaar gemaak word deur ons stories van hoop te vertel, ons uitreik aksies te deel (bv. die koskombuis) en ons persoonlike geloofservarings en getuienisse te deel. Gemeentelede moet ook aangemoedig word om aktief die positiewe dinge wat in ons gemeentes gebeur te vertel aan ander ("word of mouth").

Oorsig oor die kerklike jaar

Fees	Tyd	Betekenis
Advent	Vier Sondae voor 25 Desember	'n Tyd van voorbereiding en afwagting om die koms van Christus te gedenk, ook sy koms in ons hart
Kersfees	25 Desember	Die vreugdevolle herdenking van Christus se geboorte
Epifaniefees	3 Januarie	God openbaar homself in die mens Jesus Christus. Hy is die lig vir die nasies
Doop van Jesus	Eerste Sondag na 6 Januarie	Begin van Jesus se openbare bediening
Verheerlikingsondag	Sondag voor Aswoensdag	Jesus se verheerliking op die berg as voorspel tot sy reis na Jerusalem
Aswoensdag	Ses en veertig dae voor Paassondag	Ons word herinner aan ons sondigheid en sterflikheid – 'n geleentheid vir verootmoediging, berou en sondebelydenis
Lydenstyd	Vanaf Aswoensdag tot Stil Saterdag	'n Tyd van voorbereiding om die dood en opstanding van Jesus te vier
Palmsondag	Sondag voor Paassondag	Jesus se intog in Jerusalem en die begin van groot lydensweek
Groot lydensweek	Palmsondag tot Stil Saterdag	Die laaste week voor Jesus se kruisiging
Donderdag in Lydensweek	Donderdag voor Paassondag	Jesus se laaste maaltyd saam met sy dissipels, die voetewassing en Getsemane
Goeie Vrydag	Vrydag voor Paassondag	Jesus se gevangeneming, sy verhoor en sy kruisiging
Stil Saterdag	Saterdag voor Paassondag	Jesus in die graf – 'n tyd van vas, stilte en nadenke
Paassondag	Eerste Sondag na die eerste volmaan na die herfs dag-en-nag ewening	Jesus staan op uit die dood en oorwin die mag van die duisternis, sonde en dood
Paastyd	Vyftig dae wat volg op Paasfees	Jesus leef en ons met Hom
Hemelvaartdag	Die veertigste dag na Paasfees (altyd op 'n Donderdag)	Jesus se hemelvaart
Pinksterfees	Die vyftigste dag na Paasfees (altyd op 'n Sondag)	Uitstorting van die Heilige Gees
Drie-eenheid-Sondag	Eerste Sondag na Pinksterfees	Die misterie van die Drie-eenheid van God
Koninkrykstyd	Vanaf Pinkster tot net voor Advent	Die werk van die kerk in die wêreld in die kragveld van die Heilige Gees
Sondag van Christus die Koning	Laaste Sondag voor Advent	Christus is die Koning van die wêreld

Februarie 2021

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
	1	**2**	**3**	**4**	**5**	**6**
7 Deurkollekte: Tuinedal Sendelinge	**8**	**9**	**10**	**11**	**12**	**13**
14 VERHEERLIKINGSONDAG **Biddag vir Opvoeding en Onderwys** Deurkollekte: VCSV LGS	**15** **SKOLE HEROPEN**	**16**	**17** **ASWOENSDAG**	**18**	**19**	**20**
21 1ste Sondag in Lydenstyd 09:00 NAGMAAL **KATEGESESKOOL HEROPEN** Deurkollekte: Noodvoeding	**22** 18:00 Projekspanvergadering - Dankfeesbeplanning	**23**	**24**	**25** 18:00 Bestuurskomitee	**26**	**27**
28 2de Sondag in Lydenstyd 09:00 Erediens Deurkollekte: Badisa (Sinodaal)	**“Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vír ons, wie kan dan teen ons wees? ” – Rom 8:31**					

CALTEX
RIAAN DU TOIT
084 683 1150
YORK VULSTASIE BK
1 YORK STRAAT
GEORGE
TEL: 044 874 4118
FAKS: 044 873 5217
E-POS: yorkvulstasie1@gmail.com

Maart 2021

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
	1	2	3	4	5	6
7 3de Sondag in Lydenstyd 09:00 Erediens Deurkollekte: Tuinedal Gemeentefonds	8	9	10	11	12	13
14 4de Sondag in Lydenstyd 09:00 Erediens Deurkollekte: Noodvoeding	15 **18:00 KERKRAAD**	16	17	18	19	20
21 5de Sondag in Lydenstyd 09:00 Erediens **MENSEREGTEDAG** Deurkollekte: Herberg kinderhuis	22 **Publieke vakansiedag** **Kerkkantoor gesluit**	23	24	25	26	27
28 PALMSONDAG 09:00 Erediens Deurkollekte: Gemeentebediening (Sinodaal)	29 **G R O O T L Y D E N S W E E K**	30	31 **SKOLE SLUIT**	**“Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien.” – Matt 5:8**		

VERSORG · TOEGERUS · GESTUUR
TUINEDAL
huisgesin van God

April 2021

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
	**"Die Here is my herder, ek kom niks kort nie." – Psalm 23:1** Blad geborg deur Danie du Plessis			**1** **GROOT LYDENSWEEK** 18:00 Nagmaal	**2** **GOEIE VRYDAG**	**3** STIL SATERDAG
4 PAASSONDAG 09:00 Erediens Dag van Danksegging en Verootmoediging Deurkollekte: Plaaslike uitreike	**5** **GESINSDAG**	**6**	**7**	**8**	**9**	**10**
11 2de Sondag van Paastyd 09:00 Erediens Deurkollekte: Arbeidsbediening in George	**12**	**13** SKOLE OPEN	**14**	**15**	**16**	**17**
18 3de Sondag van Paastyd 09:00 Erediens Deurkollekte: Noodvoeding	**19**	**20**	**21**	**22**	**23**	**24**
25 4de Sondag van Paastyd 09:00 Erediens Deurkollekte: Gemeenteondersteuningsfonds (Sinodaal)	**26** **SKOLE VAKANSIEDAG**	**27** **VRYHEIDSDAG**	**28**	**29**	**30**	

Mei 2021

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
	King George PHARMACY / APTEEK Yorkstraat 1, George Anton Truter URE: Weeksdae: 08:30 - 20:00 Saterdae: 08:30 - 13:00 • 17:30 - 20:00 Sondae & Publieke Vakansiedae: 10:30 - 12:30 • 17:30 20:00 Tel: 044 873 2420 / Faks: 044 873 2353 Na-ure: 082 824 9324				**1** **WERKERSDAG**
2 5de Sondag van Paastyd 09:00 Erediens Arbeidsondag Sinodale Bid en Dankdag Deurkollekte: Tuinedal Jeug	**3**	**4**	**5**	**6**	**7**	**8**
9 6de Sondag van Paastyd 09:00 Erediens Moedersdag Deurkollekte: Tuinedal Gemeentefonds	**10**	**11**	**12**	**13** **HEMELVAART** **Kerkkantoor gesluit**	**14**	**15**
16 Pinkster 09:00 Erediens Deurkollekte: Noodvoeding	**17** Pinkster	**18** Pinkster	**19** Pinkster	**20** Pinkster **18:00 Bestuurskomitee**	**21**	**22**
23 Pinksterfees 09:00 NAGMAAL Deurkollekte: Barmhartigheid en Allimentasie	**24**	**25**	**26**	**27**	**28**	**29**
30 09:00 Erediens Deurkollekte: Gemeente-ontwikkeling (Sinodaal)	**31**	**"Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word." – Matt 5:9**		*jy is altyd welkom!*		

Junie 2021

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
		1	2	3	4	5
6 09:00 Erediens Biddag vir Ekologie Deurkollekte: Plaaslike uitreike	7 **18:00 KERKRAAD**	8	9	10	11	12
13 09:00 Erediens Biddag vir Jeug en Kategese Deurkollekte: Tuinedal Jeug	14	15	16 **JEUGDAG**	17	18	19
20 09:00 Erediens Biddag vir Blindes Vadersdag Deurkollekte: Noodvoeding	21	22	23	24	25 **SKOLE SLUIT**	26
27 09:00 Erediens Deurkollekte: Jeugwerk (Sinodaal)	28	29	30			

Julie 2021

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
		Pienaar Plumbers Nuwe installasies • Instandhouding Jaco Pienaar 072 633 8672 pienaarlood@gmail.com		1	2	3
4 09:00 NAGMAAL Deurkollekte: ACVV George (Kleuterskool)	5	6	7	8	9	10
11 09:00 Erediens Deurkollekte: Hospivision (Sinodaal)	12 **SKOLE OPEN**	13	14	15	16	17
18 09:00 Erediens Deurkollekte: Noodvoeding	19	20	21	22	23	24
25 09:00 Erediens Deurkollekte: Tuinedal Sendelinge	26	27	28	29	30	31

Augustus 2021

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
1 09:00 Erediens Deurkollekte: Teologiese kweekskool (Sinodaal)	**2**	**3**	**4**	**5**	**6**	**7**
8 09:00 Erediens Deurkollekte: Tuinedal Gemeentefonds	**9** **VROUEDAG**	**10**	**11**	**12** **18:00 Bestuurskomitee**	**13**	**14**
15 09:00 Erediens Deurkollekte: Plaaslike Uitreike	**16**	**17**	**18**	**19**	**20**	**21**
22 09:00 NAGMAAL Deurkollekte: Noodvoeding	**23**	**24**	**25**	**26**	**27**	**28**
29 BYBELSONDAG 09:00 Erediens Deurkollekte: Bybelgenootskap (Sinodaal)	**30** **18:00 KERKRAAD**	**31**				

"Die Here is goed vir almal, en barmhartig oor die hele skepping." – Ps 145:9

Blad geborg deur Phalida Jansen

September 2021

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
		"Bid gedurig." – 1 Tess 5:17	**1**	**2**	**3**	**4**
5 09:00 Erediens Biddag vir Dowes Deurkollekte: Bediening aan Dowes (Sinodaal)	**6**	**7**	**8**	**9**	**10**	**11**
12 09:00 Erediens Leprosesondag, Toerustingsondag Biddag: bediening aan die Jode Deurkollekte: Bediening aan die Jode (Sinodaal)	**13**	**14**	**15**	**16**	**17**	**18**
19 09:00 NAGMAAL Deurkollekte: Noodvoeding	**20**	**21**	**22**	**23** **SKOLE SLUIT**	**24** **ERFENISDAG**	**25**
26 09:00 Erediens Deurkollekte: Alta du Toit-Skool (Sinodaal)	**27**	**28**	**29**	**30**	**"…nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder." – Hab 3:18** Blad geborg deur Thys en Ronette de Beer	

Oktober 2021

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
					1	2
3 09:00 Erediens Biddag vir Bejaardes Deurkollekte: Instituut vir Blindes (Sinodaal)	4	5 **SKOLE OPEN**	6	7	8	9
10 09:00 Erediens Deurkollekte: Tuinedal gemeentefonds	11	12	13	14	15	16
17 09:00 Erediens Biddag vir Gesondheidsdienste Deurkollekte: Noodvoeding	18	19	20	21	22	23
24 09:00 Erediens Deurkollekte: Tuinedal Sendelinge	25	26	27	28	29	30
31 HERVORMINGSFEES 09:00 NAGMAAL Deurkollekte: Studentebearbeiding (Sinodaal)	**"...want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle." – Matt 18:20**					

OPTIMA security
ARMED RESPONSE
Tel: 044 874 5755 • Faks: 044 874 5807
Yorkstraat 1, George
Anton Truter • Johann Klue • Isabelle Buhr

November 2021

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
"Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word" – Hand 16:31	**1**	**2**	**3**	**4** **18:00 Bestuurskomitee**	**5**	**6**
7 09:00 Erediens Deurkollekte: Plaaslike uitreike	**8**	**9**	**10**	**11**	**12**	**13**
14 09:00 NAGMAAL BELYDENISAFLEGGING Biddag vir Beskermingsdienste Deurkollekte: Tuinedal Jeug	**15**	**16**	**17**	**18**	**19**	**20**
21 SONDAG VAN CHRISTUS DIE KONING 09:00 Erediens Deurkollekte: Noodvoeding	**22** **18:00 KERKRAAD**	**23**	**24**	**25**	**26**	**27**
28 1ste ADVENTSONDAG 09:00 Erediens Biddag in aansluiting by Wêreldvigsdag Deurkollekte: Zimbabwe/ Malawi/ Mosambiek (Sinodaal)	**29**	**30**	*jy is altyd welkom!*			

Desember 2021

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
	"Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!" – Luk 2:14		**1** Wêreldvigsdag	**2**	**3**	**4**
5 2de ADVENTSONDAG 09:00 KersSANGdiens Deurkollekte: Noodvoeding	**6**	**7**	**8**	**9**	**10** **SKOLE SLUIT**	**11**
12 3de ADVENTSONDAG 09:00 Erediens Deurkollekte: Noodvoeding	**13**	**14**	**15**	**16** **VERSOENINGSDAG**	**17**	**18**
19 4de ADVENTSONDAG 09:00 Erediens Deurkollekte: Noodvoeding	**20**	**21**	**22**	**23**	**24** KERKKANTOOR SLUIT	**25** KERSDAG 09:00 Erediens Deurkollekte: Bybelverspreidingsfonds (Sinodaal)
26 Epifaniesondag 09:00 Erediens **WELWILLENDHEIDSDAG** Deurkollekte: Instituut vir Dowes (Sinodaal)	**27** **PUBLIEKE VAKANSIEDAG**	**28**	**29**	**30**	**31** 18:00 Oujaarsdiens Deurkollekte: Sendelinge	**Kerkkantoor heropen 4 Januarie**